# GEHEIME VIR GESONDE VERHOUDINGS

## Deel 9 – Wees Goed

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Hoe sal jy "goed" definieer? Hoe bepaal 'n mens of iemand goed is of goed doen?**

---

---

**Lees Psalm 100:5. Hoekom dink jy wil 'n mens hê God moet goed wees? Dink jy mense dink in die algemeen aan God as goed? Verduidelik jou antwoord.**

---

---

---

**Wat het mense onlangs vir jou gedoen wat jou die goedheid van God laat beleef het? Hoe het dit jou laat voel?**

---

---

---

**Watter tema in hierdie reeks het vir jou uitgestaan? Verduidelik.**

---

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Galasiërs 6:9-10. Watter situasies maak dat jy moeg word om goed te doen vir mense? Hoekom dink jy beklemtoon Paulus in vers 10 dat ons veral aan medegelowiges goed moet wees?**

---

---

---

---

**Spreuke 3:27-28. Hoekom dink jy is hierdie beginsel vir God belangrik?**

---

---

---

**Lukas 6:31. Hoe kan ons hierdie "Goue Reël" onthou in verhoudings met ander mense? Hoekom vergeet ons dit so maklik met die mense vir wie ons die liefste is?**

---

---

---

**In die preek is vyf praktiese dinge genoem wat ons kan doen om aan te hou goed doen vir mense: *1) Sê dankie, 2) Bemoedig ander mense; 3) Bid vir mense; 4) Daag op vir mense; en 5) Wees tot seën vir mense*. Watter van hierdie dinge kan julle as groep hierdie week vir mense doen? Vir wie gaan jy dit doen?**

---

---

---

---

**Lees Romeine 2:4. Dink vir 'n oomblik aan 'n persoon in jou lewe wat nog nie 'n Jesus-volgeling is nie. Hoe kan jy hierdie week vir daardie persoon goed wees of iets doen wat vir hulle tot seën sal wees? Hoe kan jou groep jou daarin help? Bid en vra die Here om vir jou te wys en dat jou goeie daad iets van God se goedheid aan hulle sal openbaar.**

---

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**